# KOMMUNIKAMMA 25 SEPTEMBER 2022

**Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**
Jou blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 25 September**

**8:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK**
**09:45 KATEGESE**
**10:00 KLASSIEKE DIENS**

**12:00 GEMEENTEBRAAI**
Kom sluit die 7weke reeks af en vier nog 'n Braai-dag saam. Kom kuier van 12:00 af onder die bome. Bring jou eie eet- en drinkgoed, asook eetgerei en kampstoel. Ons voorsien tafels, braaidromme, roosters en warm kole.

**18:00 Leef@Kerk**

**Skriflesing:** Eseg 2:10-3:2; Ps 81:17; Ps 119:103-104
**Tema:** Die Bybel as heuning.
https://youtu.be/fCs5i_Gu6Qw
Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

**Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir WWJD**

**Maandag 26 September**

**KERKKANTOOR**
Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor die hele week via die kerkkantoor telefoonnommer (041 360 1484) beskikbaar is.**

**12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE.** Almal is welkom om die gebedsgeleentheid by te woon.

**Woensdag 28 September**

**Voedselhulp aan PE-Noord**
**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**
U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.
Kraggakamma gemeente het al R383 404,05 se kos aangekoop. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**
Baie dankie vir elkeen se bydrae tot die voedselhulp program.

**Vrydag 30 September**
**SKOLE SLUIT**
**05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

**Sondag 2 Oktober**
**09:00 EREDIENS**

**SAKE vir GEBED:**

- Ons dank die Here vir sy seën op die 7 weke reeks.
- Ons dank die Here vir die heerlike reën wat die afgelope tyd geval het, maar ons bly bid vir meer reën, veral in die opvangsgebiede.
- Die kosnood in PE Noord bly groot. Ons dank die gemeente vir hulle volgehoue bydraes, wat 'n groot verskil in soveel mense se lewens maak.
- Die plaaslike bestuur van ons Metro, dat die bestuur uitgesorteer sal word en dat die Here se seën daarop sal rus.
- Die oorlog in Oekraïne is steeds aan die gang. Mense is moeg en gespanne. Die komende winter gaan groter eise aan almal stel. Bid dat hulpwerkers in staat sal wees om vlugtelinge en inwoners te voorsien van warm klere en kos, vir die komende winter, en dat hulle ligdraers van die Evangelie sal wees. Bid vir die Christene in Rusland se geestelike nood en dat hulle sal volhard in geloof.
- Bid dat beterskap sal intree by Frans Marx. Bid ook vir Margita wat hom bystaan in hierdie tyd.
- Almal wat deur die ramp in Jagersfontein getref is. Ons vra dat die Here uitkoms sal voorsien. Ons bid vir die hulpwerkers en dat plaaslike kerke ook sal help.
- Die voorbereidings van die Familie-kamp van 30 September tot 2 Oktober. Ons bid dat die Here se seën daarop sal rus.
- Die Belydeniskamp van ons Finalejaars-klas. Ons bid vir 'n geseënde kamp.
- Melville Venter se ma is oorlede. Bid vir troos vir hom en sy gesin.
- Sakkie Rossouw gaan volgende week vir 'n operasie.
- Almal wat so kort ruskansie vat in die skoolvakansie.

**Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**
Bid saam met gelowiges in **Bhoetan** wat deur hulle families verstoot is, dat hulle sal inskakel by nuwe gemeenskappe wat hulle as familie sal aanvaar en liefde en hoop sal ervaar.

**RAAK BETROKKE**
Ons nooi jou uit om betrokke te raak by die gemeente. Sien die lysie hieronder van behoeftes en kontak die kerkkantoor indien jy meer besonderhede wil kry:

- Dien op die kerkraad
- Gasvryheidsbediening – groet mense voor die eredienste in die voorportaal. Verwelkom nuwe intrekkers
- Betrokke raak by 'n selgroep
- Dien op tuinboukommissie wat sorg vir tuine rondom kerkkompleks
- Musiekgroep by die Eietydse diens of samesang by die Klassieke diens
- Die hantering van klank en data by albei eredienste
- Die stroom van die eerste diens

**FEBA RADIO**
Het jy gewonder waarheen gaan jou dankoffer wat ons kerk se getuienisaksie uitgee? Ons ondersteun onder andere Feba Radio wat in Afrika werk. Dis die plek waar groot herlewing plaasvind.
'n Blitstoer deur Feba Suid-Afrika se span na Malawi en Mozambiek:
**Malawi**
Die span het verskeie luisteraarsklubs in afgeleë gebiede besoek. Al is die paaie in 'n slegte toestand, ry ons gereeld om nuwe bekeerlinge te besoek en sodoende te bemoedig, te ondersteun en voorbidding te doen. Meeste Malawiërs leef in uiterste armoede en hul grootste uitdaging is 'n gebrek aan kos en befondsing. Deurlopende devaluasie van hul geldeenheid vererger dit.

Die opvolg-bediening deur Eerw. Amos Phiri, FEBA Malawi se Direkteur, laat luisteraarklubs floreer en groei. Balaka het agt luisteraarsklubs waaruit vier kerke al ontstaan het. Die een is in die Sawali area en het in 2010 begin en soveel gegroei dat hulle in 2011 'n kerk daar geplant het met pastoor Munama wat hulle bedien. Die pastoor se vrou besoek elke Dinsdag die gemeente se vroue en bejaardes om hulle aan te moedig in hul geestelike- en sosiale groei. Tydens Feba se besoek is 16 bekeerlinge gedoop.

**Mozambiek**

Daarna het ons span tyd deurgebring by FOT (Fountain of Truth) Radio FM in Lichinga, waar hulle die Mosambiek-span ontmoet het. Hulle het reeds 1200 luisteraarklubs in die distrik help vestig. Direkteur Bright Sonjera (wat Kraggakamma se gemeente al besoek het) is 'n Moslem wat op 'n dag besluit het om die Bybel aan te skaf om te sien wat daarin staan. Deur die lees van die Bybel kom hy tot bekering en deur sy bediening kom daar 'n herlewing in Mozambiek. Hy is nou in beheer van al 6 radiostasies en 50 satelliet-sentrums. Dié radiostasies het inbelprogramme wat luisteraars in staat stel om saam met omroepers te werk en die program te beïnvloed. Die stasie self is toegerus met 'n vergaderingkamer en ateljees met mikrofone, rekenaars en ander toerusting wat nodig is vir die werk. Hulle help ook die regering om boodskappe by die mense te kry. Dan help hulle ook die mense om mielies en bone te verbou.

God doen wonderbaarlike werk deur Feba se spanne in Afrika. Hy bring herstel aan soveel lewens en bring hulle om Hom bymekaar. Om te dink dit begin met iets so eenvoudig, dog kragtig soos 'n radio.

**LOERIE NARTJIE FEES**

Die NG Kerk Loerie bied die jaar weer die Nartjiefees aan op Saterdag 8 Oktober. Toegangsfooie is R 150 per volwassene en R 90 per leerling. Vir navrae of stalletjiebesprekings kontak die kerkkantoor by 079 063 4488 / 082 868 4739, of besoek die Nartjiefees webwerf (www.natjiefees.co.za ) of hulle facebook-blad.

**HUIS LOUISA MEYBURGH**

Huis Louisa Meyburgh hou op Vrydag 14 Oktober, vanaf 16:00, 'n mini basaar. Pannekoek, boereworsrolle, jafels, hamburgers, poeding, gebak en gebottelde produkte sal te koop wees. Kontak vir Marlene Postma (082 787 4030), indien jy bestandele wil skenk, 'n bydrae wil maak of vooraf 'n bestelling wil plaas.

**THERE4-BEDIENINGE**

Wil jy betrokke raak by ons bediening in die Midde-Ooste deur 3 T's te gebruik:
Taalvaardigheid
Tyd
Telefoon
Ons soek vroulike vrywilligers wat bereid sal wees om deur middel van "Messenger" of "Telegram" met ons dames gesprekvoering in Engels te oefen. Kontak Janine (071 364 6318) as jy belangstel om so die Here te dien.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree.
Ons heet die volgende gesinne welkom in die gemeente:

- Elize de Vos en haar twee seuns, Joseph en John welkom. Hulle lidmaatskap word oorgeplaas vanuit NG Gemeente Somerset-Oos.
- Werner en Carina Olivier en hulle twee seuns, Juan en Franco



**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 25 September | Lynn Lombard |
| 26 September | Divan de Beer, Jeanette Gerber, Demone Gouws, Teagan Ludwig, Johan Pieterse en Neville Thompson |
| 27 September | Cilliers de Vin, Marie Kohne, Johan Louw, Antonie Marx en Verna Wiese |
| 28 September | Charl de Lange, Shanté du Plessis, Helene Herbst, Pierre Horn, Jacques Janse van Rensburg, Elsa Mare, Cecile Meyer, Barbara Ott en Martheli Roets |
| 29 September | Drian Bakkes, Nico Barnard, Robert Caalsen, Frank Capstick, Nelma Conradie, Lize Retief, Liezl van Onsselen en Cathy von Wielligh |
| 30 September | Keith de Lange, Georgia du Plessis, Elzabe Olivier en Johan Rossouw |
| 1 Oktober | Anika Steyn en Val van der Merwe |

**FONDSINSAMELINGS KONSERT t.b.v St. Paul's Anglican Church se orrel**.
'n Fondsinsamelingskonsert t.b.v St Paul's Anglican Church se orrel wat groot herstelwerk benodig, word aangebied op Dinsdag 25 Oktober 2022 om 19:00 by NG-Uitenhage-Oos gemeente in Frèresingel, Van Riebeeckhoogte. U kan uitsien na die volgende:

- Orrelspel deur Antonio Lawack, Marius de Bruin en Liesel Murphy
- Andante Kamerkoor o.l.v Romano Jonathan
- Klavierduette deur Prof. Albert Troskie en Dr. Erika Bothma
- Sang deur Lucretia Sikwebu
- Musiekleerlinge van Hoërskool Brandwag o.l.v Isabella Scheepers
- NG-Oos Kerkkoor o.l.v Liesel Murphy

Kaartjies sal by die deur beskikbaar wees en kos R60 vir volwassenes en R30 vir pensioenarisse en kinders. Indien u verdere inliging benodig, kan u vir Marius kontak by 060 847 5772 / mdbperformingarts@gmail.com of vir Liesel by 073 731 7785 / lieselmurphy618@gmail.com

**DANKOFFER**
Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005